

Nico Koopman*

Wanneer ons ons jaarlikse Menseregtedag op 21 Maart vier, moet ons ook stilstaan om na te dink oor hoe die basiese menseregte van so baie mense steeds regoor die wêreld geskend word. Dit gebeur met betrekking tot eerste dimensie politieke- en burgerregte, tweede dimensie sosio-ekonomiese regte en derde dimensie ekologiese- en omgewingsregte.

Die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet stel 'n lewe van waardigheid vir almal, genesing van alle wonde vir almal, geregtigheid vir almal, vryheid vir almal, en gelykheid vir almal in die vooruitsig.

Vir regte om vervul te word, het ons individue nodig wat hierdie regte beliggaam. Ons het rolmodelle nodig. Ons het voorbeelde nodig. Ons het mense nodig van wie ons kan sê: hulle leef met waardigheid. Hulle bevorder genesing. Hulle is regverdige mense. Hulle geniet en bespoedig vryheid. Hulle beoefen billikheid wat tot gelykheid lei.

Individue wat regte beliggaam, is persone van karakter en deug. Karakter beteken letterlik dat goeie waardes in ons ingegraveer is. Karakter beteken ons is mense van integriteit. Ons goeie begeertes, gedagtes, woorde en daede is alles geïntegreer. Ons bedoelings en impak word toenemend geïntegreer. Ons bedoelings is edel sowel as ons impak. Daarom sal ons altyd ons bedoelings onder die loep neem en reinig sodat dit tot regte, goeie en selfs mooi impakte kan lei.

Burgerlike deugde verwys na ons beliggaamde waardes. Deugsaamheid verwys na die intuïesies, neigings, geneighede, aanlegte en geprogrammeerdheid waarmee ons leef. Deug beteken dat ons doen wat wys en reg en goed en mooi is sonder om eers daarvoor na te dink. Die Franse filosoof, Paul Ricoeur, beskryf die morele lewe as een waar ons beliggaam wat wys, regverdig, goed en veral mooi is. Skoonheid is die hoogtepunt van etiese lewe. Etiek bereik vervulling in etiek. So, ons kan sê waar menseregte nie nagekom word nie, is ons samelewing nie net onwys, onregverdig, sleg nie, maar ook aaklig.

Ons Handves van Regte is 'n transformerende dokument wat ons weg neem van apartheid wat aaglik is na waardige demokrasie wat mooi is!

- Klik [hier](#) om die res van die geplaasde artikel te lees.

***Prof Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**